Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 33

4 Oktober 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

VIERDE KWARTAAL
Welkom terug na die kort, maar welkome ruskansie. Ons staan voor die laaste skof van 2024. Soos gewoonlik beloof dit om 'n intense, vol en vinnige kwartaal te wees. Daarom wens ek almal voorspoed toe en mag 2024 vir ons almal op 'n hoogtepunt afsluit.

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor juffrou Oosthuizen met die heengaan van haar ouma gedurende die vakansie. Mag sy die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

RAPPORTE EN OUERBESOEKE
U het reeds 'n brief ontvang waarop u moes aandui hoe laat u die klasonderwyser/es, Maandag, 14 Oktober wil sien. Die bevestigings van die tye vir die afsprake is reeds aan u teruggestuur. Onthou asseblief om die belangrike geleentheid by te woon.

Van u het die brief saam met die rapport ontvang om die onderwysers te kom sien. Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas met betrokke onderwyser aan te spreek. Enige ander ouer is meer as welkom om ons te kom spreek as daar iets is wat pla of as u sommer net vir die personeel vir hulle harde werk wil dankie sê.

KLEURE-ATLETIEK
Ons kleure-atletiekbyeenkoms vind volgende Donderdag, 17 Oktober 2024, by die Oval plaas. U het 'n omsendskrywe rakende die byeenkoms ontvang. Onthou om die afskeurstrokie skool toe terug te stuur. Dit is belangrik om daarop te let dat al die leerlinge van graad 2 tot graad 7 tot aan die einde van die byeenkoms moet bly. **Niemand sal toegelaat word om voor die tyd huis toe te gaan nie.**

EKSAMEN 2024
Daar is net **vyf en 'n half weke** in die vierde kwartaal oor voor ons graad 4 – 7 leerlinge met eksamen begin. Ons moes ons kwartaal sorgvuldig beplan sodat ons genoeg tyd het om ons werk te voltooi. Met die voorgestelde roosters, sal ons **vanaf 14 November om 12:00 sluit** sodat ons kinders die geleentheid het om deeglik vir elke vak voor te berei.

KOFFIEKUIER 26 OKTOBER 2024: DR. JOHAN SMITH

Dr. Johan Smith werk al meer as 30 jaar met jongmense, onderwysers ouers en gesinne. Van sy meer as 30 boeke as outeur of mede-outeur fokus veral op dié groepe. Verder tree hy landswyd op in kerke en skole. Sy boodskappe, praatjies en reekse fokus op ouerskap/gesin, dissipelskap, depressie, uitbranding en geestelike groei. Ons moedig alle ouers aan om van hierdie geleentheid gebruik te maak. **Kom kuier 26 Oktober saam met ons en word toegerus vir die uitdagende tye waarin ons leef.** Kaartjies is deur quicket beskikbaar. Sien die skakel op die aangehegte advertensie. Die graad 6 en 7 leerlinge sal Vrydag 25 Oktober geleentheid kry om na hom te luister en onderwysers van ons skool en omgewing gaan die middag deur hom bemagtig word.

KOMMUNIKASIE MET ONDERWYSERS

Dit is vir ons uiters belangrik dat daar oop en duidelike kommunikasiekanale tussen ouers en onderwysers bestaan. Ongelukkig het die onderwysers nie altyd die tyd om lang briewe te skryf nie en is dit ook soms moeilik om dadelik terug te skakel as gevolg van ‘n vol program. Die maklikste is om ‘n briefie saam met u kind te stuur waar u die aangeleentheid onder die onderwyser se aandag bring. Indien nodig, sal die onderwyser dan op een of ander wyse met u kontak maak.

Indien dit vir u baie belangrik is dat ‘n onderwyser u kontak, reël dit asseblief deur die kantoor. U kan inbel en dit versoek of ‘n e-pos stuur waarin u dit versoek. Indien u dan nie binne 2 dae reaksie ontvang het nie, kontak my asseblief direk. Onderwysers mag, soos dit hul pas, ander informele wyses van kontak met u bespreek het. U is welkom om daarmee voort te gaan. Wees asseblief billik in u eise. **Onthou die onderwysers het ‘n vol program en ook ‘n privaatlewe, moet hulle dus nie by hulle huise probeer kontak na 18:00 nie.** Hulle SAL u betyds kontak indien u kind ‘n groot probleem het. Let wel, die kommunikasiekaart is ‘n belangrike eerste lyn van kommunikasie vanaf die onderwyser aan u.

SKOOLVERLATERS

Indien u kind Laerskool Newtonpark aan die einde van die jaar verlaat, versoek ons u vriendelik dog ernstig om ons so spoedig moontlik daarvan in kennis te stel. Daar is sekere administratiewe aangeleenthede wat ons in plek moet kry voor u kind die skool kan verlaat. (Hierdie sluit die graad 7’s uit. Ons weet julle verlaat ons.)

2025 BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2024

Hiermee gee ons u ‘n vierde keer kennis van die 2025-begrotingsvergadering wat op Donderdag, 17 Oktober 2024 om 17:30 in die skoolsaal gehou sal word.

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2025 vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging aan u voorgelê word.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. **Die begrotingsdokumente is reeds vanaf 19 September by die kantoor ter insae beskikbaar.**

KUNSKLUB

Ons wil graag u aandag daarop vestig dat daar geen kunsklub vir kwartaal 4 sal plaasvind aangesien die dame wat dit buitemuurs aanbied nie beskikbaar sal wees nie.

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, ons het nou voorraad ontvang en die koste is R380.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar ‘n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolfonds, na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat.
Indien daar nie deur sekere persone gereageer gaan word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Let asseblief daarop dat alle skoolgelde teen 31 Oktober 2024 klaar betaal moet wees.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 7 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Krieket : 0/13B teen Gelvanpark A **(t)**
Di – 8 Oktober	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** **Biblioteek open** Krieket: 0/9 A+B teen Westering **(t)** Tennis: Seuns A teen Summerwood B **(w)** Tennis: Seuns B teen St. George's B **(w)** Tennis: Seuns C teen Sonop **(w)** Tennis: Seuns 0/10 teen Summerwood **(t)** Finansiële komiteevergadering **17:00**
Wo – 9 Oktober	:	Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** Krieket : 0/13A teen Rowallanpark A **(t)**
Do – 10 Oktober	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Krieket : 0/11A teen Zwide Hub A **(t)** Krieket : 0/11B teen Theodor Herzl A **(w)** Tennis : Dogters D teen Lorraine **(w)**
Vr – 11 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Junior Koor: **07:30 tot 08:00** **Mnr. Bonga Nqowana verjaar**

SPORT EN KULTUUR

KARATE
Lacey van Rensburg in graad 5D het op 17 September, haar blou gordel met karate verower. Baie geluk, Lacey!

KARATE
Tiffany du Toit in graad 2D het 25 en 26 September aan die Shorin-Ruy Karate Nationals deelgeneem waar sy twee silwer medaljes vir haar kata en kobudo(wapens) in haar ouderdomskategorie ontvang het. Sy het ook 4de plek in die Kumite (geveg) behaal. Sy het voor die vakansie gegradeer en sy het haar geelgordel vir kobudo(wapens) ontvang. Baie geluk, Tiffany!

EPA LAERSKOLE-LIGA NO. 2 : GEWIGSTOOT

Hartlik geluk aan Riano Botha in graad 5D wat tydens die skoolvakansie aan die 2de EPA skoleliga deelgeneem het. Hy het ‘n 2de plek verower en sodoende vir die OP-span wat Desember in Bloemfontein aan die SA-skole byeenkoms gaan deelneem, gekwalifiseer. Riano het ook ‘n prys ontvang vir die atleet met die 3de hoogste puntetelling vir alle seuns ouderdomsgroepe op velditems. Hou so aan, Riano. Ons is trots op jou!

MISS TODDLER AND TWEEN WORLD KOMPETISIE

Mika Stoop in graad 4S en Haley Stoop in graad R1 het die afgelope vakansie aan die Miss Toddler and Tween World-kompetisie te Klerksdorp deelgeneem en soos volg presteer:

Mika Stoop was as Lady of Earth 2024 gekroon en Haley Stoop was as kategorie wenner 6-7, Miss Eastern Cape en Miss Ultimate Photogenic gekroon. Hartlik geluk, julle!

SA GYM TRAMPOLINE GAMES

Luanré Venter in graad 3B het op 26 September aan die SA Gymnastic Trampoline Games deelgeneem en Oos-Kaap op vlak 5, 9-10 jaar verteenwoordig. Hy het 8ste op dubbel mini-trampoline geeïndig en ‘n silwer medalje op Euro Trampoline verwerf asook ‘n goue medalje op Euro Trampoline Synco. Baie geluk, Luanré!

SA GYM GAMES

Avah Jonck in graad 3G het op 28 September aan die “SA Gym Games” deelgeneem waar sy die Oos-Kaap in artistieke gimnastiek verteenwoordig het en die volgende prestasies behaal.

- 1ste plek en ‘n goue medalje vir “Beam”
- Silwer medalje vir algehele 2de plek in Suid-Afrika in vlak 4, 7 tot 9 jaar.

Baie geluk, Avah!

SKAAK : PE SKOLE LIGA

Ons is trots op ons junior- en seniorskaakspanne wat na die volgende rondte van die PE-skoleliga deur is. Leerlinge het reeds in Maart teen ander skole in die distrik uitgespeel en gaan Saterdag, 12 Oktober aan die uitdunrondte by Hoërskool Cillie deelneem. Ons junior span is tweede in ons omgewing en ons senior span staan tans eerste. Baie geluk, julle!

UNISA GRAAD 1-MUSIEKEKSAMEN

Die volgende musiekleerlinge het baie goed in hul UNISA Graad 1 klaviereksamen gevaar. Al drie slaag met Lof.

Emma Gough: 82
Nina Latham: 85
Jenna Hayward: 92
Baie geluk!

Carike Biggs

Remediërende Terapeut en Afrikaans Verykkingsklasse Graad R - 5

Is u as ouer **bekommerd** oor u kind se **akademiese vordering?** Sukkel u kind met sommige **akademiese konsepte?** Of benodig u kind slegs hulp met die **vaslegging van sekere konsepte?**

Carike Biggs, Remediërende Terapeut van The Play Pod, is daar vir u kind - nie nét vir **leerondersteuning** of **identifisering van leer-hindernisse** nie, maar ook vir die **inoefening en verstaan van daaglikse skoolwerk.**

Indien u meer wil uitvind, moenie twee keer dink om my te **kontak** nie!

081 824 8834
or 072 775 8417

theplaypodpe@gmail.com
carike.remedial@gmail.com

Wat is remediërende klasse?

In remediërende klasse verskaf die terapeut individuele onderwysbenaderings om leerders te help wat met spesifieke wêreldwye vaardighede sukkel. Ons bied ook addisionele ondersteuning en oefeninge wat aangepas is tot elke leerder se behoeftes. Dit sal hulle in staat stel om hul opvoedkundige doelwitte te bereik.

Carike Biggs
REMEDIAL THERAPIST

Voordele van remediërende klasse:

1. Individuele ondersteuning: Een-tot-een, mikro-onderrig.
2. Verbetering van begrip: Dieper verstaan/begrip van uitdagende onderwerpe.
3. Oorbrugging van leerhindernisse: Vul die gapings wat nog nie vasgelê is nie.
4. Bevorder akademiese prestasie: Dit sluit in beter punte, goeie begrip van vakke, gesonde studiegewoontes en vertroue in eie akademiese vermoëns.
5. Toename in selfvertroue: Leerder voel seker van hulself en hul vermoëns in alle skoolvakke, omdat werk vasgelê word.
6. Aangepaste benadering vir elke leerder: Gee aan elke individu die spesifieke hulp wat hulle nodig het op grond van hul sterk- en swakpunte.
7. Voorkoming van enige verdere uitvalle: Sorg dat hindernisse dadelik geïdentifiseer word, om groter leerprobleme uit te skakel.
8. Positiewe leeromgewing: Voorsien leerlinge van 'n vriendelike, positiewe en veilige omgewing waar elkeen regverdig behandel word.
9. Lewenslange vaardighede: Om goed te kan praat, probleme op te los, te dink voor die beantwoording van vrae, lees en leesbegrip, om Wiskunde te kan doen en in beheer te wees van eie liggaam en denke.
10. Bemagtiging: Laat kinders sterk en bekwaam voel, help hulle om in hulself te glo sodat hulle enige probleem kan aanpak.

081 824 8834
or 072 775 8417

theplaypodpe@gmail.com
carike.remedial@gmail.com